

**Openingsakkoord en slotakkoord: "Prys die Here!"**

**P**salm 147 is 'n loflied en 'n pragtige skeppingspsalm met 'n besondere vorm. Die psalmdigter roep die leser drie keer op om die Here te loof en hy gee sy redes daarvoor (Ps 147:1-6, 7-11, 12-20). Die temas kom uit die natuur en uit die geskiedenis. As jy twyfel oor God se vermoë om dinge te verander, of as jy in ekstase is oor die mooi dinge in die lewe, lees een van die skeppingspsalms (Pss 19, 29, 33, 65, 74, 104, 136, 139, 147, 148).

Wat is die boodskap van Psalm 147? Die psalmdigter stel op 'n bekwame manier die temas aan die orde. Dit is almal temas wat na aan die hart van die mense lê wat in ballingskap was: skepping, uittog en verkiesing. Die digter doen dit deur die Here as Skepper, Onderhouer van die skepping en as Verlosser te besing. Daarmee verbind hy skepping en herskepping (heilsgeskiedenis).

Die terugkeer uit ballingskap is vir die psalmdigter herskepping en 'n tweede uittog uit verdrukking. Die skepping en onderhouding van die natuur het vir Israel heilswaarde en die verlossing het skeppende waarde. Dit is so omdat God met Israel 'n nuwe begin maak. Die basis vir verlossing en herskepping is enkel God se genade wat bekendgemaak word in God se erewoord – God se aangrypende evangelie – aan sy kinders.

Die deelname aan en genieting van God se verlossing en natuur leer aan Christene en aan alle mense vir wie dit wil hoor, net soos vir die volk Israel van die Ou Testament, om te jubel in 'n lof- en danklied van "Halleluja!" – ja, om God die Here te loof en te prys in die gesindheid van vers 1: "Dit is goed om tot lof van ons God te sing, dit is 'n genot om die loflied te sing wat Hom toekom." Ook vers 7 jubel: "Sing vir die Here 'n danklied, sing tot eer van ons God ..."

Die psalm sê dit pragtig en met die allerbeste advies aan elkeen (vs11): "... Hy stel prys op dié wat Hom dien, dié wat hulle hoop vestig op sy trou." Die openingsakkoord (vs 1) en die slotakkoord (vs 20b) is: "Prys die Here!"

*Sing: Psalm 147:1, 2, 4*

*Dr. Pieter Bingle (Kaapstad)*